**Skriflesing 2 Konrintiërs 3 vers 1- 18**
**TEMA Die Gees maak die lewe 'n fees**

Wat verwag jy van pinksterfees? Wat verwag jy van die Heilige Gees? Die Gees werk geloof in ons, maak ons getuies en laat ons lewens vrug dra. Die Gees werk ook sogenaamde groter dinge soos bekerings en herlewings.

Maar ons elkeen deel elke dag in die fees van die Gees en ons besef dit nie. In 2 Kor 3 lees ons dat die Gees die blinddoek van ons oë afhaal, ons lewe gee en ons al meer soos Christus maak.

Die is vreeslik sleg om geblinddoek te wees en niks te kan sien nie. Paulus skryf oor die Jode wat tot vandag nog 'n sluier oor hulle oë het. Hulle "sien" nie wat in die Bybel staan en wie God is nie. Hulle glo nie dat Jesus die enigste Verlosser is nie.

Die Heilige Gees neem die sluier van my en jou oë af weg en gee ons die vryheid om die Bybel en die Here te verstaan. Die Gees maak 'n gewone boek die Woord van God . Die Gees maak dooie letters, woorde van lewe. Die Gees werk nooit buite die Woord om nie. So was dit reeds by die eerste Pinksterdag in Jerusalem. Ons lees in Handelinge 2 die 22 verse van Petrus se toespraak. 12 van die 22 verse is verwysings uit die Bybel. Hy vertel van goed wat gebeur het soos die profeet Joël dit voorspel het en haal dit wat Dawid van Jesus gesê het, aan. So vat die die Heilge Gees ons terug na die Bybel toe.

Dieper insig in die Skrif is pinksterseën. Die Heilige Gees neem die sluier van my en jou gesig af weg, genees ons van geestelike blindheid en skenk ons die vryheid om te verstaan wie God regtig is. Ons leer God ken 'n lewende persoonlike God. Hy is ons Vader. Die Gees laat ons tot Hom roep Abba, dit beteken Vader. (Rom 8:15)
Die Heilige Gees laat ons Christus ken as die Seun van God. Hy is die Lam van God wat vir ons geslag is. Deur sy kruisdood en opstanding bewerk Hy oorwinning oor die magte van die dood en hel. Hy is ons Verlosser. Hy is opgewek en sit aan die regterhand van God en Hy kom weer in heerlikheid. Dit is wat die Gees kom doen het. Hy bring nie 'n nuwe verhaal nie. Hy kom verheerlik die Here Jesus Christus.

Pinksterfees is die fees van die Gees wat Christus kom verkondig en ons aan Christus kom verbind.

Ons lewe ook onder die nuwe verbond van die Gees. Die ou verbond of 10 gebooie het met heerlikheid gekom. Moses, wat op die berg die 10 gebooie ontvang het, se gesig het so geskitter dat die Israeliete na hom kon kyk nie. Maar die 10 gebooie het mense bewus gemaak van hulle sonde en hulle veroordeel. Ons is al meer vasgevang deur ons sonde en ons kon niks daaraan doen nie. En sonde lei tot die dood. Dit is wat Paulus bedoel as hy skryf dat die wet doodmaak en die Gees lewend maak.

Ons lewe in 'n nuwe tyd waarin die Heilige Gees, onder die nuwe verbond, vir ons lewe gee. Onder die nuwe verbond spreek God ons vry deur Jesus Christus wat ons vrymaak van ons sonde en dood. Die Heilige Gees bring vir ons hierdie lewe wat alles in heerlikheid oortref.
En as vrygespreektes verander Hy ons. Die Gees maak ons 'n brief van Christus en Hy maak ons ook al hoe meer soos Christus.
Ons lees in 2 Kor 3:3: "Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie maar op die harte van mense."

Van die vals leraars in Korinte het vervalsde voorstellingsbriewe of getuigskrifte met hul saamgedra om die mense van hulle gesag te oortuig. Paulus stel dit baie duidelik dat hy nie so 'n brief nodig het nie. Die gemeente is lewende aanbevelingsbriewe of getuigskrifte dat die Here vir Paulus gebruik.

Baie mense met wie ons elke dag te doen kry, lees nie meer Bybel nie. Hulle lees ons. Lees hulle in jou lewe van Christus, van sy liefde, omgee, genade, vriendelikheid, vergifnis, vreugde, vrede,  selfbeheersing  en diens?

In 2 Kor 3:18 lees ons: "Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Niemand, wat nou leef, het die Here nog ooit in lewende lywe gesien of ontmoet nie. Maar hulle ontmoet vir ons as Sy kinders. Deur my en jou word Christus vandag sigbaar, tasbaar en hoorbaar. Ek sê dit met groot nederigheid, maar as die wêreld vir ons vra: "Hoe lyk die Here?" dan moet ons as gelowiges, in wie die Gees is, kan sê: "Kyk na my." Die Heilige Gees verander my om al meer soos Christus te lyk en te wees.

Christus word deur Paulus sigbaar daarin dat sy bediening nie nie oor homself gaan nie. Hy spog nie met homself nie. Hy is totaal van God afhanklik en gee aan Hom die eer. Hy erken dat hy uit homself nie instaat is om iets te bedink nie. Hy kan niks doen nie, sy bekwaamheid kom van God. God is verantwoordelik vir wat hy vermag het.
Christus is die Verlosser.
Die Heilige Gees stel hom in staat om iets betekenisvol te doen. Geen mens kan homself op die skouer klop wanneer mense tot bekering kom nie. Dit is die werk van die Heilige Gees. Lewe kan slegs deur die Gees van God geskenk word.

Daarom spog ons nie met onsself of met ons bekering nie. Ons spog met die Vader, Seun en Heilige Gees wat ons elke dag al meer soos Christus maak.

Ek sluit af met 'n gedig van Beatrice Cleland waarin sy so treffend skryf van die ouerige dominee wat haar na die Here gelei het. Mag dit waar wees van ons almal se lewens.

**Indwelt**
Not merely by the words you say,
Not only in your deeds confessed
But in the most unconscious way
is Christ expressed

Is it a beautiful smile?
A holy light upon your brow?
O no – I felt His presence while
You laughed just now.

For me it was not the truth you taught,
To you so clear, for me still dim,
But when you came to me you brought
A sense of Him

And from your eyes He beckons me
And from your heart His love is shed,
Till I lose sight of you, and see
The Christ instead.
**Amen**